

## **DINK en DROOM**

nuut en vars

Julle is 'n paar vroue (of dalk is dit net jy) wat begin dink en droom oor die ruimte van 'n Vrouebediening in julle gemeente, maar waar begin jy/julle?

Dit is belangrik om nie die pad alleen aan te durf nie. Bid oor die saak en kry 'n paar ander vroue wat ook opgewonde is en saam kan dink en droom oor die waarde wat 'n Vrouebediening in julle gemeente en gemeenskap kan toevoeg.



**VROUEBEDIENING**  
WES-KAAPLAND



## VEILIGE RUITES

Vir 'n Vrouebediening om vroue te begelei en te bemagtig op hulle geloofsreis is die skep van veilige ruimtes van kardinale belang. Waar en hoe dit geskep word, sal van konteks tot konteks verskil, maar die belangrike is dat wanneer vroue saam kom, ruimtes veilig genoeg sal wees dat hulle hul stories met mekaar kan deel.



VROUEBEDIENING  
WES-KAAPLAND

## Fokus

Die fokus van 'n Vrouebediening is om vroue te begelei en te bemagtig op hulle geloofsreis. Ons fokus is nie in die eerste plek om vroue te organiseer om tee te skink, begrafnisbroodjies te maak nie, geleenthede of funksies te reël of om fondse te genereer nie. Ons fokus is op vroue se geloofsreis.

## Wat beteken dit?

Ons is almal is op 'n geloofsreis, soms onbewustelik. Vrouebedieninge skep ruimtes waarin ons bewus word en nadink oor ons reis met God en met mekaar. Hierdie ruimtes kan verskillend lyk. Dit kan in die vorm van groot groepe wees, 'n bybelstudiegroep of net twee geloofsvriendinne wat saam kom. Op hierdie reis help ons mekaar om te hoor wat God se plan met ons is en ons hou mekaar verantwoordbaar.

## Belangrike beginsels op hierdie reis is:

- dat die reis belangriker is as die bestemming;
- dat die Gees nooit klaar is met ons nie;
- dat die Gees verskillend met elkeen van ons besig is;
- dat daar nie een antwoord is wat vir almal pas nie;
- dat ons nie vir mekaar kan sê wat om te doen nie, maar slegs saam kan luister;
- dat elke vrou haar eie reis die beste verstaan.

Om hierdie ruimtes te skep waarin ons ons stories kan vertel, God kan hoor en keer dat enigiemand die gesprek oorheers, dink ons is die volgende riglyne belangrik:

**Praat persoonlik:**

Ek gaan persoonlik praat ...  
... en my weerhou van veralgemenings.

**Wees eerlik:**

Ek gaan eerlik en kwesbaar wees ...  
... en my weerhou van "little lies".

**Luister diep:**

Ek gaan diep luister ...  
... en my weerhou daarvan om ander te genees, bekeer of regmaak.

**Omhels die oomblik:**

Ek gaan in die oomblik bly en dit omhels ...  
... en my weerhou daarvan om weg te hardloop vir pyn en ongemak.

**Maak oop:**


Ek gaan myself oopmaak ...  
... en weerhou van agendas en my vooroordele opskort.

**Wag geduldig:**

Ek gaan geduldig in afwagting van God wag ...  
... en nie vir God voorskryf waar en hoe God met ons moet kontak maak nie.

## Wie is julle teikengroep?

Wie is die vroue wat julle wil betrek? Dit is belangrik om julle arms so wyd as moontlik oop te maak vir mekaar. Beweeg oor grense van ouderdom, ras, seksuele oriëntasie, denominasie, ens. Poog om die stereotipe af te breek van hoe 'n vrou wat deel is van 'n vrouebediening behoort te lyk. Skep verwelkomende ruimtes waarin **almal** welkom is.



VROUEBEDIENING  
WES-KAAPLAND

## Waar pas julle in by struktuur van gemeente?

Dit sal ideaal wees om 'n afspraak te maak met julle gemeente se leierskapspan en julle droom met hulle te deel. Die gemeente se leierskap gee aan julle hulle seën om hetsy een van die bedieninge van die gemeente te wees of dalk skakel julle in by 'n ander bediening. Dit is dalk goed om ook te gesels oor ruimtes wat julle kan gebruik, fondse, ens. Dit mag wees dat die leierskap aanvanklik nie julle entoesiasme deel nie. Ons wil julle aanmoedig om nie energie te verloor nie (en ook nie vas te kyk in getalle nie). Onthou ook om op te skryf wat by julle gebeur om so ook julle geloofsverhaal te kan oorvertel.

## Geïntegreerde Bedieninge

Ons glo dat bedieninge in gemeentes geïntegreerd moet wees, sodat beide mans en vroue op alle vlakke van gemeente-wees 'n rol kan speel. 'n Vrouebediening mag nooit vroue uit ander bedieninge haal en isoleer nie. Die Vrouebediening is daar om vroue op hulle geloofsreis te ondersteun en aan te moedig in hulle dienswerk in die gemeente en gemeenskap.

## 'n EERSTE ONTMOETING

Julle moet nou verder dink en droom saam met 'n groter groep vroue. Om dit te doen, kan julle 'n sosiale geleentheid reël waarheen julle alle vroue nooi.



Beplan hierdie byeenkoms deeglik:

**Datum:** Neem julle dorp of gemeenskap se program in ag met die kies van 'n datum.

**Tyd:** Besluit oor 'n tyd wat in julle konteks sal werk (tydsduur ongeveer 2 ure).

**Plek:** Kry 'n ruimte wat sal werk. Indien julle wil hê dat vroue saam gesels, is 'n saal waar vroue rondom tafels kan sit en in kleiner groepe ook kan gesels dalk 'n goeie idee.

**Verversings:** Besluit of julle gaan tee en koffie drink en of julle ook ietsie wil eet?

**Tema:** Dis dalk goed om 'n tema vir die geleentheid te kies.

'n Paar idees:

- Kies 'n tema: bv Vrede of Vreugde en laat vrouens sommer as 'n ysbreker gesels oor dit wat vir jou vrede gee of jou vrede steel, ens.
- Gebruik Eva se gebed en laat elkeen net sê watter strofe vir haar uitstaan (beskikbaar op ons webtuiste: [www.vroueweskaap.co.za](http://www.vroueweskaap.co.za)).
- Wandel met 'n teks, gedig, ens.
- Elkeen bring 'n resep saam en vertel vir ander om die tafel waarom dit 'n gunsteling is.

Maak 'n mooi uitnodiging en vat dit persoonlik vir vroue, maar plaas dit ook in die gemeente se afkondigings en op ander plekke in die dorp dat niemand uitgesluit voel nie.

Wat ook al jy/julle beplan om die aand te doen, laat genoeg tyd toe om ook saam te kan dink en droom oor 'n Vrouebediening.





## WAARDE-AANBOD (visie)

Dit is belangrik dat julle saam sal dink en droom oor die waarde wat die bediening kan toevoeg tot die gemeenskap en gemeente.

Dit is belangrik dat julle gereeld sal saam dink en droom oor hoe vroue oor grense heen saam in julle gemeenskap 'n geloofsreis kan onderneem waarin hulle en ander kan floreer.

Dalk is dit goed om oor tyd 'n ankerteks te kry wat julle gereeld saam lees en droom oor die moontlikhede wat die Gees vir julle daardeur oopbreek.

('n Ankerteks is 'n teks waaraan julle vashou en elke keer by julle samekomste lees en oor nadink – ons ankerteks is Lukas 13:10-17)



Dalk help dit julle om na ons Taakspan se visie te kyk:

Die Vrouebediening Wes-Kaapland wil veilige ruimtes binne gemeentes skep waar gelowige vroue oor generasies en ander grense heen verenig kan word.

Ons wil dit doen deur stereotipes af te breek en vroue te motiveer om by mekaar te leer, genesing te ontvang en geestelik te groei sodat ons binne die kerk en samelewing kan floreer.

Wat sou dit wees wat God op julle harte druk? Waarmee is God met julle besig? God roep ons, nooi ons in, vorm ons en stuur ons in God se plan met die wêreld. Hoe sou julle hierdie roeping verwoord in julle konteks?

'n Hulpmiddel wat julle kan gebruik is: Vrou by die Put (beskikbaar by Bybel-Media). Dalk kan julle daarmee reis vir 'n tydjie en dan verder dink en droom oor julle waardeaanbod.



## “COMMITMENT”

In Engels is daar 'n woord **“commitment”** wat moeilik in Afrikaans vertaal kan word. Die naaste wat ons dalk daaraan kan kom, is **wilsverbintenis, volhardende toewyding of verantwoordbaarheid**. Steeds gee dit nie heeltemal die betekenis van die Engelse woord weer nie. **“Commitment”** het te doen met 'n vaste besluit wat 'n mens neem om jouself aan iets of iemand te verbind, ongeag die konsekwensies.

**Commitment** is skaars deesdae. Mense verbind hulle nie sommer onvoorwaardelik nie. Niks kan egter sonder 'n verbintenis in stand gehou word nie.

Dit is belangrik dat ons op hierdie reis teenoor mekaar verantwoordbaar sal wees en onself **“commit”** om saam op reis te wees.

Daar sal waarskynlik later meer gesprekke wees oor hoe hierdie **commitment** lyk. Dit moet eenvoudig en haalbaar wees.

Vir nou is dit belangrik om **“ja”** te sê vir die reis.



VROUEBEDIENING  
WES-KAAPLAND

## Databasis

By hierdie geleentheid is dit belangrik om vroue se name en kontak-besonderhede te kry (selfoonnr's en e-posadresse)

## Volgende afspraak

Maak tydens hierdie geleentheid 'n volgende afspraak met mekaar.

Kom ooreen wanneer en waar julle bymekaar wil kom en gesels oor wat volgende moet gebeur.

Indien julle hulp nodig het, kontak die Taakspan: Vrouebediening Wes-Kaapland en ons kom dink en droom saam met julle.

Besoek gerus ons webwerf [www.vroueweskaap.co.za](http://www.vroueweskaap.co.za) en gaan hou van ons facebookblad [@vroueweskaap](https://www.facebook.com/vroueweskaap).

## Kontakbesonderhede van die Vrouebediening Wes-Kaapland

Telefoonnr: 021 808 9060

E-posadres: [ngkvroue@sun.ac.za](mailto:ngkvroue@sun.ac.za)